## 15 Junie 1 Timoteus 2:1-8

### *Leef biddend vir die waarheid*

Dit is vir God goed en aanneemlik dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid sal kom (vers 3). Om dit te kan doen het God sy verloste kinders in diens van die waarheid geneem. Hulle het die verantwoordelikheid om dié een waarheid in die hele wêreld bekend te maak.

Wat is hierdie waarheid? Dit is drie dinge: Die hele wêreld moet eerstens hoor dat daar net een ware God is. Dit moet tweedens bekend word dat daar net één ware Middelaar tussen God en die mens is. Daar is derdens ook net een verlossingsweg terug na God. Saamgevat: Die hele wêreld moet hoor dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. Hierdie wêreld waarin godsdiensgelykheid en godsdienstige verdraagsaamheid gepredik word, moet God se waarheid hoor.

Maar nou 'n baie belangrike vraag: Hoe lewe 'n mens vir hierdie waarheid? Deur gebed! Wanneer 'n saak jou swaar op die hart druk, dan word dit deel van jou gebedslewe. Ons moet eers met God oor ander mense praat voordat ons met mense oor God praat. Veral mense van aansien, wat hooggeplaas is. As daardie mense tot bekering kom, sal hulle die voortgang van God se waarheidsboodskap op 'n besondere wyse kan bevorder.

God het 'n vreemde wêreld op 'n voorstoep geplaas. Ons moet nie nou wegraak binne hierdie wêreld nie, maar onbeskaamd vir die waarheid lewe. Vir wie is jy besig om te bid?

Sing: Skrifberyming 34:1 Ds. I.W. Ferreira (Magol)